

Gereformeerde Kerk Bellville – 30 Desember 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 119:10, 39 (p. 588)

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.
- 39 Heer, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 149:1, 2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehag.

Gebed

Psalm 1:1, 4 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan
en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het –
dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Skriflesing: Matteus 7:13-25

Kernverse: Matteus 7:13-14

**Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad
wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die
poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat
dit vind.**

(Matteus 7:13-14 AFR53)

Tema: Die keuse tussen twee weë

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die tyd waarin ons vandag lewe het mense daaraan gewoond geraak dat hulle 'n wye verskeidenheid het om van te kies. Op die TV is daar wye weet hoeveel kanale om van te kies. Op die winkelrakke is daar nie net een van 'n soort nie, maar 'n verskeidenheid. Selfs die kinders het al aan hierdie groot verskeidenheid gewoond geraak. 'n Mens sien dit wanneer daar van die kerk se kant af iets aangebied word. Kinders is traag om dit by te woon, want hulle het soveel ander plekke om van te kies waarheen hulle kan gaan. Hierdie wye verskeidenheid waarvan ons

kan kies, het ons bederf sodat ons mense is wat in alles so 'n groot verskeidenheid wil hê om van te kies.

En een van die dinge waarin die mens graag 'n wye verskeidenheid wil hê, is wanneer dit kom by aanbidding. Die Satan het egter nie gras onder sy voete laat groei hieroor nie. Met sy giftige aansporings het hy by die mens se begeerte na verskeidenheid aangesluit. Oor baie jare al het mense begin redeneer oor godsdienste. Die mens wil nie hoor dat daar net een ware godsdienst kan wees nie. Daar is dan so baie mooi en waardevolle momente in ander godsdienste waarmee mense te doen kry, sê hulle. En dan vra hulle, kan dit dan nie tog wees dat elkeen van die baie godsdienste in die wêreld maar net 'n ander paadjie na God toe is nie? Mettertyd het die mense hulle wysgemaak en dit ook begin glo dat elke godsdienst maar net 'n ander roete is na die een en dieselfde God.

Jesus Christus, die Seun van die lewende God, in wie ons glo, het nou al by verskeie geleenthede in die Bergpredikasie ons daarop gewys dat daar nie werklik so 'n wye verskeidenheid is om van te kies nie. Daar is net twee soorte toewydings – óf 'n mens is getrou aan die wet van die Here, óf jy is nie. Daar is net twee soorte skatte waartussen 'n mens kan kies, óf jy kies die skat in die hemel, óf jy kies die skat op die aarde. Ons mense kan net tussen twee base kies – óf jy kies om God te dien, óf jy kies om Mammon te dien. Daar is ook net twee soorte ambisies waarna 'n mens kan streef – óf jy beywer jou vir God se koninkryk en sy wil, óf jy beywer jou vir die dinge wat jy met jou oë kan sien.

Jesus lei ons dus om 'n besliste keuse te maak. Sal ons kies vir die koninkryk van die duiwel of vir die koninkryk van God, sal ons kies vir die heersende lewenstyl of sal ons kies vir die Christelike lewenstyl? Om ons wat die Woord van die Here oor baie jare al gehoor het en die soet smaak van sy genade al leer ken het by die punt te bring om te kies, sluit Hy sy Bergpredikasie af deur die groepe van twees weer voor ons te stel: daar is twee weë, die breë en smal weg; daar is twee soorte leraars, die valse en die getroue een; daar is twee soorte pleitgronde, woorde en daede; en daar is twee soorte fondasies, sand of rots. Vanaand staan ons stil by die eerste van hierdie twees, die breë en die smal weg.

Ons hoor die hart van ons hemelse Vader klop in die eerste woorde van Jesus in ons kernverse. Die Here wil nie hê dat die sondaar vanweë sy sonde verlore sal gaan nie. Daarom gee Jesus sommer aan die begin die regte keuse: Gaan deur die nou poort in. Dit is asof Jesus met hierdie eerste woorde sê: Moenie eers die ander weg en poort oorweeg nie. Daar klink ook iets dringends in Jesus se woorde. Hierdie nou poort is die regte een, want die ander een is gevaarlik – lewensgevaarlik.

Maar kom ons begin by die begin. Daar is twee paaie, 'n breë een en 'n smal enetjie. Hierdie is glad nie 'n onbekende begrip nie. Reeds in Psalm 1 word die twee paaie, of twee lewenstyle, teenoor mekaar gestel. Daar is die lewenstyl van die regverdigte mens wat vreugde vind in die wet van die Here. Iemand met so 'n lewenstyl geniet voorspoed en sy lewe bring vrugte voort wat die Here vereer. Daarteenoor is die lewenstyl van die goddelose mens. Iemand met so 'n lewenstyl is soos kaf wat deur die geringste briesie opgeswiep en weg-gewaai word, en uiteindelik gaan so iemand heeltemal tot niet net soos kaf.

Jesus teken nou vir ons 'n kleurvolle prentjie as Hy op hierdie beeld van Psalm 1 uitbrei. Een pad is maklik, want dit is 'n breë pad. Daar is ruimte op hierdie pad. Daar is plek vir elke opinie onder die son. Op hierdie pad is daar niks wat jou verbied om te sê en te doen wat jy wil nie. Daar is selfs ruimte om te verslap met jou gedrag. Jy kan doen net wat jy wil en waarvoor jy lus het. As jy lus het om jou nie aan gesag te onderwerp nie, dan doen jy

dit. Niemand gaan jou verkwalik nie. Niemand gaan aanstoot neem nie, want daar is mos ruimte vir elkeen op hierdie breë pad. Ander mense sal verdraagsaam wees teenoor jou, want dit is mos jou reg om te doen soos wat jy wil. Hulle geniet dan self hierdie ruimte. Op hierdie pad is daar net mooi niks wat jou aan bande kan lê en beperk nie.

Op hierdie breë pad is daar nie eers spoedbultjies nie. As jy voet in die hoek gesit het, is die pad oop en wyd. Jy kan maar voortjaag so vinnig en so ver as wat jy wil. Daar is nie grense of reëls wat jou manier van dink en doen gaan verhinder nie. Jy kan jouself oorgee aan elke begeerte wat in jou hart opkom. Jy doen net waarvoor jy lus voel om te doen. Jy kan maar agter jou sondige hart aangaan net waar hy jou lei. Iemand wat ligsinnig en oppervlakkig lewe, is meer as welkom op hierdie pad. Wie selfsugtig is, kan ook plek kry, soveel as wat hy wil hê.

Selfs die mense wat so 'n kammaverhouding met die Here het, dit is hulle wat Sondae ewe vroom en sedig in eredienste sit, maar buite die kerkgebou soos die duiwel self te kere gaan, het 'n plek op hierdie pad. Hulle wie se verhouding met die Here soos masjiene is, dit is hulle wat outomaties meedoen, maar hulle harte is nie betrokke in hulle verhouding met die Here nie – ook hulle is welkom op die breë pad.

Diegene wat hulle beywer vir 'n knus en gemaklike aardse lewe omdat dit al is wat daar vir hulle bestaan, en hulle wat bevooroordeeld en vitterige foutvinders is, is meer as welkom op die breë pad. Dit is nie eers nodig om die geskik lewenstyl vir die breë pad aan te leer nie. 'n Mens het geen moeite om enige van hierdie bogenoemde goed te doen nie. Dit is 'n lewen-styl wat maklik kom, want dit kom sommer vanself uit die sondige hart van mens op. Daarom is dit so maklik om hierdie breë pad te volg.

In vergelyking met die breë pad is die smal paadjie maar moeilik. Daar is duidelik gemerkte grense. Dit is grense wat nie deur mense gemaak is nie, maar wat die Here self daargestel het, want Hy het volle inspraak op die lewenstyl van die mense op die smal paadjie. Die grense op die smal paadjie word een vir een uitgespel in die Woord van God.

Dit is tog immers in die Bybel waarin die Here sê wat Christene mag glo en hoe hulle hulle in die wêreld moet gedra. Al die baie verskillende godsdienste is nie verskillende paadjies na die een en dieselfde God nie. Jesus sê dit self:

Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. (Johannes 14:6 AFR53)

Christene moet dus vir Jesus Christus ken as die Seun van die lewende God en hulle moet in Hom glo. Die mens wat nie in Jesus glo nie, kan nie by die Vader kom nie, al lyk die paadjie waarop hy is hoe goed en wonderlik.

Verder stip die Bybel ook vir Christene uit hoe hulle mag optree. Die Here sê aan ons hoe ons optrede moet wees teenoor ons ouers en almal wat Hy oor ons aangestel het. Ons moet respek en eerbied hê vir hulle wat in gesagsposisies aangestel is. Ons mag nie ons frus-trasies en woede op ander mense uithaal nie. Ons mag nie vloek en skel nie. Die Here sê ook hoe ver 'n mens in 'n verhouding met iemand van die ander geslag mag gaan. Die grense op hierdie smal paadjie ten opsigte van ons verhouding met die Here en ten opsigte van ons verhouding met ander mense word in die Bybel duidelik uitgespel.

Aan die een kant is hierdie smal weg 'n moeilike manier om te lewe. Hier kan ek nie maar met my aangebore lewenstyl aangaan nie. Ek moet leer om my emosies te beheer. Ek moet daaraan gewoond raak dat nie al die begeertes in my hart goed en reg vir die Here is

nie. Tog, aan die ander kant, is die lewe op hierdie smal weg maklik, want ek mag die Here smeek dat sy Gees aan my die moed en krag gee om ontslae te raak van die dinge wat nie tuishoort op die smal weg nie. En die swaar las van sondeskuld wat jy gehad het, het Jesus gedra en in ruil daarvoor gee Hy aan jou 'n ligte las. Ons kan die Here onbelemmerd voluit dien op die smal weg.

Hierdie twee weë lei elkeen na twee verskillende poorte toe. Die poort waarheen die breë weg lei, is wawyd groot. Gevolglik is daar geen beperking op wat 'n mens by hierdie wye poort kan inneem nie. Jy gaan nie belasting betaal nie. Daarom hoef jy niks agter te laat nie – nie eers jou sondes nie, nie jou eiegeregtigheid nie en ook nie jou trots nie.

Die poort waarheen die smal weg lei, is egter baie nou. By geleentheid het Jesus gesê dit is so nou soos die oog van 'n naald. As jy nie regtig op soek is na hierdie poort nie, sal jy maklik by hom verbyloop en dit nie eers weet nie. Verder nog, as jy by hierdie poort wil ingaan, moet 'n mens alles agterlaat – jou sonde, jou selfsugtige ambisies, jou sondige begeertes en, in sommige gevalle, ook jou familie en vriende. Niemand kan Jesus volg as hy homself nie eers verloën het nie. En die nou poort is soos 'n draaihek. Die wat daardeur ingaan, kan net een-een ingaan. 'n Mens gaan daarin net met vertroue in Christus. En wie deur Christus ingegaan het, sal die lewe in oorvloed hê, sê Hy.

Dit bring ons, geliefdes, by 'n derde blik op die kleurvolle prentjie wat Jesus vir ons skilder, naamlik die twee bestemmings van hierdie twee weë. Reeds in Psalm 1 het die Heilige Gees 'n voorskou gegee van die twee alternatiewe. Die een is voorspoed en die ander een vernietiging. Wanneer Jesus die bestemming van die breë pad en wye poort bekend maak, draai Hy nie doekies om nie. Dié bestemming is die verderf. Dit is al wat Hy sê.

Miskien is die totale verwoesting in die hel so groot dat ons dit met ons beperkte verstand nie behoorlik sal begryp as die Here dit moes uitspel nie. Die heerlikheid en skoonheid van die hemel en die nuwe Jerusalem is ook so groot dat die Here in Openbaring 21 net vir ons sê wat nié daar sal wees nie. Maar die verskriklikheid van die woord *verderf* gee aan ons die aanduiding om ten minste te kan sê dat alles wat goed is nie in die bestemming van die breë pad en wye poort te vinde sal wees nie. Liefde en prag, skoonheid en waarheid, vreugde, vrede en hoop sal in die hel nie gevind word nie – vir altyd en ewig sal dit nie ge-vind word nie. Hierdie vooruitsig is so verskriklik dat 'n mens dit nie sonder tranes kan oordink nie. Die breë pad is 'n pad van selfmoord.

Daarteenoor, die smal pad wat na die nou poort toe lei se bestemming is die lewe. Dit is nie maar net asemhaal-lewe nie, dit is die ewige lewe in sy volheid en rykheid. Dit is die lewe wat Christene reeds hier begin lewe omdat hulle in 'n verhouding met God is, en wat in die ewigheid tot volmaaktheid sal kom. Christene sal na die wederkoms van Christus saam met Christus en God op die nuwe aarde lewe. Dan sal mense volmaak wees, want daar sal nooit weer sonde wees nie en hulle sal hulle in alle volmaaktheid kan toewy aan diens aan God en hulle naaste.

Die laaste saak wat duidelik word uit Jesus se woorde is die twee groepe mense. Op die breë pad wat na die wye poort toe lei, is daar baie mense. Die breë pad is 'n besige wandel-laan, gepak met voetgangers van elke soort daarop. Die smal pad wat na die lewe lei, is in vergelyking met die breë pad maar relatief verlate. Die mense wat die smal pad en nou poort kry, is maar min. Christene sal altyd 'n minderheid wees.

Die mense op die breë pad is oënskynlik sorgvry op pad sonder dat hulle ooit daaraan dink wat 'n verskriklike einde op hulle wag. Dit is 'n joligheid op die breë pad met die

menigte daarop. Baie maal lyk die mense wat Jesus nie ken as die enigste weg na God toe nie, vir ons na die gelukkigste mense op aarde. Hulle het nie kommer nie, so lyk dit vir ons. Dit wil voorkom asof hulle net voorspoed beleef. Asaf het dit selfs in Psalm 73 so neergeskryf.

Op die smal pad is daar klein groepies gelowiges, gestroop van aardse rykdom, maar tog gelukkig en tevrede. Met hulle rug gedraai op die sonde is hulle oë gerig op die nuwe Jerusalem wat soos 'n bruid straal nadat sy haar gereedgemaak het vir haar Bruidegom. En hulle sing lofliedere tot eer van Hom wat hulle aan Jesus toevertrou het om hulle in die ewige lewe in te lei waar hulle in die heilige teenwoordigheid van hulle hemelse Vader kan wees om Hom vir ewig te loof en te prys.

Om dan saam te vat, geliefdes: Jesus maak dit so duidelik dat selfs 'n kind dit kan begryp. Daar is net twee paaie, 'n breë pad en 'n smal pad – daar is nie 'n middeweg nie; daar is net twee poorte, 'n wye en 'n nou een – daar is nie 'n ander poort nie; op hierdie twee paaie

is daar twee groepe mense, 'n groot groep en 'n klein groepie – daar is nie 'n neutrale groep nie; en die bestemmings van hierdie twee paaie is of verderf of die lewe – daar is nie 'n derde een om van te kies nie. Hierdie onderrig wat Jesus gee, is glad nie populêr nie. Ons wil graag meer as twee keuses hê. Jesus gee nie die luuksheid van 'n verskeidenheid nie, want daar is net die twee weë om op te wandel. Op watter weg is ek en jy?

Amen!

Gebed

Slotpsalm 73:2, 12 (p. 366)

- 2 Ek het gepeins, diep in my hart / in lewensraaisels lank verward,
toe 'k moes aanskou met lede oë / hoe boosaards aangroei in vermoë.
Hul is gesond en lewe lank, / maar ander word van kwellings krank;
op hulle rus geen ongeluk, / maar ander slyt hul lewe in druk.
- 1 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
- 2 U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
30 Desember 2018